

# Dinsdag 28 September

Skrifgedeelte: Judas:17-19

Fokusgedeelte: Judas:17

## **Onthou wat jy reeds geleer het**

In die Brief van Judas word sterk uitsprake gemaak teen die dwaalleraars wat die gemeente binnegedring het. Die brief is egter nie geskryf teen dwaalleraars nie, maar vir gelowiges. Judas noem sy lesers *geliefdes* (vs 17) – geliefdes wat hy wil waarsku en toerus teen die dwaalleraars in die gemeente.

*“Onthou wat die apostels van ons Here Jesus Christus voorheen reeds vir julle geleer het”* (vs 17). Judas roep die gelowiges op om terug te kom en vas te hou aan die boodskap wat al in die Ou Testament en ook deur die apostels in die Nuwe Testament verkondig is. So word die gelowiges gewaarsku en toegerus om nie verras of verbaas te wees dat daar van tyd tot tyd dwaalleraars tevoorskynkom nie. Onthou wat julle geleer is en wees voorbereid op die aanslae van die dwaalleraars.

In die gemeente kon die gelowiges die dwaalleraars herken aan die feit dat hulle deur hulle eie begeertes gedryf is. Hulle het gebreek met die geloof soos wat gelowiges deur die eeue geglo het en 'n boodskap verkondig wat net hulle selfgemaakte godsdiens bevorder het. Judas sê dat die dwaalleraars nie deur die Heilige Gees gelei is nie en daarom is verdeeldheid in die gemeente die vrug van hulle werk.

Ek en jy kom vandag nog met sulke dwaalleraars in kontak. Mense wat nie daarna strewende om onder die leiding van die Heilige Gees te leef nie, maar eerder die Christelike godsdiens wil misbruik om hulle eie begeertes te bevredig. Moenie vir hierdie mense skrik nie. Onthou, die Here het ons gewaarsku dat sulke mense tevoorskyn sal kom. Hou jy egter vas aan die waarheid soos die Here ons deur sy Woord en Gees geleer het.

*Sing: Psalm 9-1:1, 7*

*Ds. WJ Steyn (Willem) (Potchefstroom-Die Bult)*